NAGEGANE VERKORTE GEKONSOLIDEERDE TUSSENTYDSE RESULTATE

VIR DIE SES MAANDE GEËINDIG 31 AUGUSTUS 2008

STEFANUTTI STOCKS HOLDINGS BEPERK
(voorheen Stefanutti & Bressan Holdings Beperk)
("Stefanutti Stocks" of "die maatskappy" of "die groep")
(Registrasienommer 1996/003767/06)
Aandeelkode: SSK ISIN: ZAE000123766

- **Inkomste ↑ 131%**
- **Bedryfswins ↑ 126%**
- **Wesensverdienste ↑ 116%**
- **Verdienste per aandeel ↑ tot 89,77 sent**
- **Kontant gegenereer uit bedrywighede R425,9 miljoen**
- **Integrasie van verkrygings vorder goed**

VERKORTE GROEPINKOMSTESTAAT

	Nagegaan 6 maande geëindig 31 Augustus 2008 R'000	Nagegaan 6 maande geëindig 31 Augustus 2007 R'000	Geouditeer 12 maande geëindig 29 Februarie 2008 R'000
Inkomste	**2 570 080**	1 113 300	2 587 859
Kontrakinkomste	**2 536 374**	1 100 308	2 544 923
Kontrakkoste	**(2 145 486)**	(950 075)	(2 139 915)
Bruto wins	**390 888**	150 233	405 008
Ander inkomste	**1 998**	130	4 440
Bedryfskoste	**(172 932)**	(59 171)	(192 132)
Verdienste voor rente, belasting, waardevermindering en amortisasie	**219 954**	91 192	217 316
Waardevermindering	**(40 905)**	(13 350)	(30 925)
Amortisasie van ontasbare bates	**(2 770)**	–	(2 087)
Bedryfswins	**176 279**	77 842	184 304
Beleggingsinkomste	**34 309**	12 862	41 130
Finansieringskoste	**(11 905)**	(9 713)	(18 476)
Aandeel van winste van geassosieerde maatskappy	**729**	1 132	1 409
Wins voor belasting	**199 412**	82 123	208 367
Belasting	**(56 750)**	(24 840)	(63 949)
Wins vir die tydperk	**142 662**	57 283	144 418
Toeskryfbaar aan:			
Ekwiteitshouers van die maatskappy	**131 043**	55 311	134 919
Minderheidsaandeelhouers	**11 619**	1 972	9 499
	142 662	57 283	144 418
Wesensverdienste-rekonsiliasie			
Wins na belasting toeskryfbaar aan ekwiteitshouers van die maatskappy	**131 043**	55 311	134 919
Aangepas vir:			
Verlies/(wins) met verkoop van masjinerie en toerusting	**1 292**	(863)	818
Belastinguitwerking van aanpassings	**(362)**	242	(237)
Totale minderheidsbelang van aanpassings	**29**	(6)	(90)
Wesensverdienste	**132 002**	54 684	135 410
Genormaliseerde wesens-verdienste-rekonsiliasie			
Wesensverdienste	**132 002**	54 684	135 410
Aangepas vir:			
Amortisasie van ontasbare bates	**2 770**	–	2 087
Belastinguitwerking van aanpassings	**(775)**	–	(584)
Totale minderheidsbelang van aanpassings	**(257)**	–	–
Genormaliseerde wesensverdienste	**133 740**	54 684	136 913
Geweegde gemiddelde aantal uitgereikte aandele	**145 980 140**	130 634 200	130 634 200
Verwaterde geweegde gemiddelde aantal uitgereikte aandele	**155 159 576**	135 970 022	135 970 022
Verdienste per aandeel (sent)	**89,77**	42,34	103,28
Verwaterde verdienste per aandeel (sent)	**84,46**	40,68	99,23
Wesensverdienste per aandeel (sent)	**90,42**	41,86	103,65
Verwaterde wesensverdienste per aandeel (sent)	**85,08**	40,22	99,59
Genormaliseerde wesensverdienste per aandeel (sent)	**91,62**	41,86	104,81
Verwaterde genormaliseerde wesens-verdienste per aandeel (sent)	**86,20**	40,22	100,69

VERKORTE GROEPKONTANTVLOEISTAAT

	Nagegaan 6 maande geëindig 31 Augustus 2008 R'000	Nagegaan 6 maande geëindig 31 Augustus 2007 R'000	Geouditeer 12 maande geëindig 29 Februarie 2008 R'000
Kontant gegenereer uit bedrywighede	**425 932**	193 982	464 267
Rente ontvang	**34 309**	12 862	41 130
Finansieringskoste	**(11 905)**	(9 713)	(18 476)
Dividende betaal	**(1 487)**	(30 255)	(30 255)
Belasting betaal	**(45 604)**	(8 220)	(49 218)
Sekondêre belasting op maatskappye betaal	**(64)**	–	–
Kontantvloei uit bedryfsaktiwiteite	**401 181**	158 656	407 448
Uitgawe om bedryfsvermoë te handhaaf	**(233 575)**	(86 894)	(154 632)
Uitgawe vir uitbreiding	**(87 577)**	(11 827)	(97 098)
Kontantvloei uit beleggingsaktiwiteite	**(321 152)**	(98 721)	(251 730)
Kontantvloei uit finansieringsaktiwiteite	**124 388**	237 673	301 705
Netto toename in kontant vir tydperk	**204 417**	297 608	457 423
Kontant aan begin van tydperk	**662 983**	205 560	205 560
Netto kontant aan einde van tydperk	**867 400**	503 168	662 983

VERKORTE GROEPBALANSSTAAT

	Nagegaan op 31 Augustus 2008 R'000	Nagegaan op 31 Augustus 2007 R'000	Geouditeer op 29 Februarie 2008 R'000
BATES			
Nie-bedryfsbates	**1 926 956**	339 581	545 728
Eiendom, masjinerie en toerusting	**703 926**	260 895	358 129
Ontasbare bates	**1 183 115**	73 639	155 950
Belegging in geassosieerde	**15 097**	–	–
Langtermynlening ontvangbaar	**964**	–	–
Uitgestelde belasting	**23 854**	5 047	31 649
Bedryfsbates	**2 444 951**	996 662	1 286 701
Bank en kontant	**873 418**	503 168	662 983
Ander bedryfsbates	**1 570 431**	493 494	619 227
Belasting	**1 102**	–	4 491
Totale bates	**4 371 907**	1 336 243	1 832 429
EKWITEIT EN LASTE			
Gewone aandeelhouersbelang	**1 405 012**	504 925	590 682
Minderheidsaandeelhouersbelang	**36 173**	4 182	25 091
Kapitaal en reserwes	**1 441 185**	509 107	615 773
Nie-bedryfslaste	**223 836**	87 732	136 719
Ander finansieringslaste	**187 940**	63 542	69 893
Verkopers vir verkryging	**–**	–	37 545
Uitgestelde belasting	**35 896**	24 190	29 281
Bedryfslaste	**2 706 886**	739 404	1 079 937
Bankoortrekking	**6 018**	–	–
Ander bedryfslaste	**1 824 179**	499 134	603 568
Voorsienings	**770 647**	185 223	390 561
Belasting	**106 042**	55 047	85 808
Totale ekwiteit en laste	**4 371 907**	1 336 243	1 832 429
Netto getal uitgereikte aandele	**177 912 105**	139 380 867	139 380 867
Totale getal uitgereikte aandele	**188 080 746**	148 355 867	148 355 867
Netto batewaarde per aandeel (sent)	**789,72**	362,26	423,79
Netto tasbarebate-waarde per aandeel (sent)	**124,72**	309,43	311,90
Verwaterde netto batewaarde per aandeel (sent)	**747,03**	340,35	398,15
Verwaterde netto tasbarebate-waarde per aandeel (sent)	**117,98**	290,71	293,03

SEGMENTVERSLAGDOENING

Primêre segmente 31 Augustus 2008 (R'000)	Gauteng	Kwa-Zulu Natal	Wes-Kaap	Buite Suid-Afrika	**Totaal**
Kontrakinkomste	1 645 511	372 182	260 516	258 165	**2 536 374**
Wins vir die tydperk	85 960	17 971	16 886	21 845	**142 662**

KOMMENTAAR

Inleiding
Dit is vir die direkteure aangenaam om die nagegane verkorte gekonsolideerde tussentydse resultate vir die ses maande geëindig 31 Augustus 2008 ("die tydperk") aan te bied, wat die voortgesette sterk groei soos in die resultate van die vorige jaareinde weerspieël.

Na die suksesvolle verkryging van die konstruksiegroep Stocks Limited ("Stocks") gedurende die tydperk ("die Stocks-samesmelting") is die groep geherposisioneer as 'n groot mededinger in die eerstevlak-konstruksiesektor. Stefanutti Stocks het nou 'n geografiese voetspoor regdeur Suid-Afrika, Suider-Afrika en die Golfstreek. Stocks is vir een maand (sien "Verkrygings" hieronder) vanaf 31 Julie 2008, die effektiewe datum van die samesmelting, in die nagegane verkorte gekonsolideerde tussentydse resultate ingesluit.

Die integrasie van al die groep se verkrygings tot op hede vorder goed en sinergieë begin weerspieël word in skaalbesparings Die omvattende handelsnaamvernuwingsaksie om die groep na die Stocks-samesmelting te hernoem, is met sukses onderneem (sien "Naamsverandering" hieronder).

Opstellingsbasis
Die nagegane verkorte gekonsolideerde tussentydse finansiële state vir die tydperk is ooreenkomstig IRS 34: *Tussentydse Finansiële Verslagdoening* opgestel en voldoen aan die Suid-Afrikaanse Maatskappywet, 1973. Die nagegane verkorte gekonsolideerde tussentydse finansiële state word op die historiesekoste-grondslag opgestel, met die uitsondering van sekere finansiële instrumente wat teen billike waarde gemeet word. Die resultate vir die tydperk dui nie noodwendig op die resultate vir die hele jaar nie en hierdie nagegane finansiële state moet tesame met die geouditeerde finansiële state vir die jaar geëindig 29 Februarie 2008 gelees word. Die rekeningkundige beleide en metings- en erkenningsmetodes wat by die opstelling van die nagegane verkorte gekonsolideerde tussentydse finansiële state toegepas word, strook met dié wat in die groep se mees onlangse geouditeerde finansiële jaarstate vir die jaar geëindig 29 Februarie 2008 toegepas is.

Die opstelling van die nagegane verkorte gekonsolideerde tussentydse finansiële state vereis die gebruik van vooruitskattings en veronderstellings wat die waardes van bates en laste op die verslagdatum beïnvloed, sowel as die bepaling van inkomste en uitgawes gedurende die verslagtydperke. Hoewel hierdie vooruitskattings berus op bestuur se beste kennis van huidige gebeure en stappe wat die groep in die toekoms kan doen, kan werklike resultate verskil van dié vooruitskattings.

Ouditeursoorsig
Die nagegane verkorte gekonsolideerde tussentydse finansiële state vir die tydperk is deur die maatskappy se ouditeure, Mazars Moores Rowland, nagegaan. Hulle ongewysigde nagaanmening is by die maatskappy se geregistreerde kantoor ter insae beskikbaar.

Groepprofiel
Stefanutti Stocks is regdeur Suid-Afrika, Suider-Afrika en die Golfstreek in bedryf, met kundigheid wat betonstrukture en -rehabilitasie, paaie en grondwerke, heiwerk en geotegniese dienste, mynresiduwegdoeningsfasiliteite (uitskotdamme), dagsoomkontrakmynbou, bouwerk en meganiese, elektriese en marienekonstruksie omvat.

Die spektrum van projekte strek oor industriële en petrochemiese aanlegte, kragstasies, myninfrastruktuur, damme, paaie, brûe, water- en afvalwaterbehandelingsaanlegte, agtergeblewe woonbuurt-infrastruktuur, en industriële en kommersiële geboue sowel as bekostigbare behuising vir die staat en uitgesoekte privaatsektorkorporasies. Die groep het ook gevestigde vaardighede om op 'n openbare-privaat-vennootskap(OPV)-basis aan projekte deel te neem.

Oorsig van bedrywighede
Betonstrukture
Betonstrukture is regdeur Suid-Afrika en Suider-Afrika in bedryf en verskaf gewapendebetonwerke vir myn-infrastruktuur, industriële en petrochemiese aanlegte, kragstasies, opbergsilo's, brûe, marienewerke en afvalwater- en waterbehandelingsaanlegte. Die afdeling sluit die vorige verkryging van Civil & Coastal Construction (Edms) Beperk, 'n spesialismariene- en siviele-rehabilitasiekontrakteur in.

Betonstrukture gaan voort om goed te presteer in ooreenstemming met verwagtinge. Die meerderheid van die werk is tans afkomstig uit die mynbedryf, staatsinfrastruktuur, en petrochemiese en industriële markte in Suid-Afrika en buite die landsgrense.

Plaaslik word verwag dat staatsbesteding aan infrastruktuur sal voortgaan om groei te dryf. In Afrika spits die groep hom toe op olieryke Angola in samewerking met gevestigde internasionale kliënte. Die groep sal ook munt slaan uit verhoogde besteding aan kragontwikkeling in die res van Afrika.

Stefanutti Stocks se heiwerk- en geotegniese bedrywighede het tot op hede jaar tot jaar aansienlike groei behaal en die groep fokus op uitbreidingsgeleenthede plaaslik in die Kaap en in Mosambiek.

Paaie & Grondwerke
Paaie & Grondwerke is betrokke by die bou van paaie, massagrondwerke, opvullingsterreine en stedelike ontwikkelingsprojekte regdeur Suid-Afrika sowel as in Mosambiek en Swaziland.

Met sterk marges het Paaie & Grondwerke goeie resultate vir die tydperk weerspieël, veral in die Suid-Afrikaanse bedrywighede. Die groep het grootliks gebaat by 'n aansienlik groter vraag na padrehabilitasiedienste. Fondse wat die staat en munisipaliteite vir die opgradering van plaaslike padstelsels bestem het, behoort verdere groei-geleenthede op te lewer. Daar word verwag dat infrastruktuurprojekte tot na 2010 sal voortduur.

Mynboudienste
Die afdeling spesialiseer in mynresiduwegdoeningsfasiliteite, veral uitskotdamme, en dagsoomkontrakmynbou oor die hele Suid-Afrika. Meganiese en elektriese aktiwiteite sluit bogrondse en ondergrondse materiaalhanteringstelsels en die konstruksie van prosesseerinstallasies en -toerusting in. Mynboudienste sluit die vorige verkrygings van Environmental, Civil and Mining Projects (Edms) Beperk ("ECMP") en Skelton & Plummer Investment Holding Company (Edms) Beperk in. Die resultate van albei maatskappye is vir die volle ses maande ingesluit en het in ooreenstemming met verwagtinge bygedra tot bruto en netto groei.

Die afdeling onderneem tans 'n aantal groot infrastruktuurprojekte vir mynmaatskappye en het goed gepresteer gedurende die tydperk. Nieteenstaande 'n moontlike korttermyndaling in sekere gebiede van hierdie mark is die afdeling voornemens om in die verwagte uitbreiding deur mynmaatskappye oor die volgende drie jaar te deel.

Bouwerk
Die afdeling diens kontrakte op die gebied van kommersiële, industriële en institusionele behuising en ontspanning en is regdeur Suid-Afrika, Suider-Afrika en die Golfstreek in bedryf. Die afdeling deel nie in enige beduidende mate in die privaat residensiële mark nie.

Die Bouwerkafdeling het in ooreenstemming met verwagtinge gepresteer. Hoewel marges in hierdie stadium effens laer as die mikpunt vir die volle jaar is, weerspieël dit nietemin 'n verbetering vanaf die vorige jaareinde van Februarie 2008.

Die toename in openbaresektor-besteding aan hospitale, onderwys, kantore en gevangenisse het die verlangsaming in privaatsektor-ontwikkeling as gevolg van opeenvolgende rentekoersverhogings en kragtekorte grotendeels teengewerk. Indien nodig, kan hulpbronne in hierdie afdeling herontplooi word in infrastruktuurverwante projekte.

Die groep streef ook toenemende geleenthede in die OPV-arena as 'n verdere groeigebied na.

Golfstreek
Na die Stocks-samesmelting het die groep nou 'n gevestigde teenwoordigheid in Dubai. Stefanutti Stocks sal die grootste moontlike voordeel trek uit hierdie basis vir uitbreiding regdeur die Midde-Oosterse streek waar aansienlike geleenthede geïdentifiseer is.

Kapitaalbesteding
Stefanutti Stocks se kapitaalbesteding vir die volle jaar tot Februarie 2009 sal na verwagting R373 miljoen wees. Gedurende die tydperk het die groep eiendom, masjinerie en toerusting ter waarde van R239,3 miljoen (2007: R76,2 miljoen) verkry en bates met 'n boekwaarde van R7,0 miljoen (2007: R8,6 miljoen) verkoop. Die meerderheid van kapitaalbestedingsverbintenisse het vooruitdekking en word nie deur die onlangse onbestendigheid van die rand geraak nie.

Vaardigheidstekort
Om vaardigheidsontwikkeling plaaslik te stimuleer, is 'n geakkrediteerde Opleidingsentrum gevestig. Dit stel die groep in staat om doeltreffend te reageer op vermoëvereistes van laevlak tegniese personeel, wat die grootste komponent van Stefanutti Stocks se werksmag uitmaak. Die groep het ook 'n beursskema ingestel waaraan voorheen benadeelde kandidate kan deelneem.

Stefanutti Stocks het ook 'n werwingsinisiatief geïmplementeer wat kandidate uit die vasteland van Afrika en internasionaal betrek om die groot vraag na bestuursprojekpersoneel op middel- tot senior vlak aan te pak.

Verkrygings
Voor notering het die maatskappy met ingang van 3 April 2007 100% van die aandeelhouding in ECMP verkry. Die verkryging is ten volle met die groep se Mynboudienste-bedrywighede geïntegreer.

Met ingang van 31 Julie 2008 het die maatskappy 100% van die uitgereikte aandelekapitaal van Stocks verkry. Ooreenkomstig IFRS 3: *Besigheidskombinasies* is die aanvanklike verantwoording vir die verkryging van Stocks slegs voorlopig bepaal omdat die koopprystoewysing nog nie afgehandel is nie.

Verdere aanpassings aan die billike waardes van bates en laste wat op die verkrygingsdatum opgeteken is, word tot 28 Februarie 2009 verwag en sal tot gevolg hê dat verdere aanpassings aan die billike waardes van hierdie items en klandisiewaarde aangebring word.

	ECMP	Stocks
Verkrygingsdatum	3 April 2007	31 July 2008
Stemdraende ekwiteit %	100	100
Getal aandele uitgereik teen R17,00 per aandeel	–	39 724 879
Teen verkrygingswaardes	**R'000**	**R'000**
Nie-bedryfsbates	55 624	362 106
Bedryfsbates	44 272	902 456
Nie-bedryfslaste	(19 042)	(47 070)
Bedryfslaste	(69 430)	(973 640)
Netto batewaarde verkry	**11 424**	**243 852**
Koste van verkryging	69 325	1 087 272
Ontasbare bate voortspruitend uit verkryging	6 261	–
Klandisiewaarde voortspruitend uit verkryging	51 640	843 420
Kontant betaal	29 489	411 949
Inkomste vir die tydperk (ses maande)	222 768	1 238 157
Wins na belasting vir die tydperk (ses maande)	18 175	42 878
Wins na belasting sedert verkryging	50 371	13 078

Na 31 Maart 2009 sal 'n finale betaling vir ECMP gedoen word, gebaseer op 'n gemiddelde wins na belasting oor die voorafgaande drie jaar, vooruitgeskat en opgeloop, van R39,8 miljoen.

In ooreenstemming met huidige strategie het die groep die oorblywende minderheidsbelang in Stefanutti Stocks Building Gauteng (Edms) Beperk (voorheen Stefanutti & Bressan Building Inland (Edms) Beperk) verkry. 'n Verdere 8% in Stefanutti Stocks Building KZN (Edms) Beperk (voorheen Stefanutti & Bressan Building (Edms) Beperk) is verkry, wat die groep se aandeel in hierdie maatskappy op 89% te staan bring. Verdere verkrygings van minderheidsbelange in filiale word oorweeg.

Naamsverandering
Met ingang van 19 September 2008 het die maatskappy sy naam na Stefanutti Stocks Holdings Beperk verander.

Finansiële resultate
Groepinkomste vir die tydperk het met 131% tot R2,6 miljard (2007: R1,1 miljard) gestyg. Bedryfswins was 126% hoër op R176,3 miljoen (2007: R77,8 miljoen) terwyl netto wins na belasting ("NWNB") met 149% tot R142,7 miljoen (2007: R57,3 miljoen) gestyg het.

Verdienste per aandeel ("VPA") het met 112% tot 89,77 sent (2007: 42,34 sent) gestyg. Die groei in VPA is in 'n mate beïnvloed deur die bykomende 39 724 879 gewone aandele wat vir die Stocks-verkryging uitgereik is. Wesensverdienste van R132,0 miljoen vir die tydperk het neerslag gevind in wesensverdienste per aandeel van 90,42 sent (2007: 41,86 sent).

'n Aandeelgebaseerde aansporingskema-onkoste van R10,2 miljoen (2007: R2,1 miljoen) soos vereis deur IFRS 2: *Aandeelgebaseerde Betalings* en 'n klantverwante ontasbare amortiseringskoste van R2,0 miljoen (2007: Nul) soos vereis deur IFRS 3: *Besigheidskombinasies* is ingesluit in verdienste vir die tydperk.

Kontant voorhande het tot R867,4 miljoen gestyg.

Verwanteparty-transaksies
Die groep het geen wesenlike verwanteparty-transaksies nie behalwe dié met groepmaatskappye wat op 'n armlengte kommersiële basis beklink word.

Direksie
Na die sluiting van die Stocks-samesmelting is Stephen Pell (voorheen UH van Stocks) as 'n uitvoerende direkteur aangestel en Herman Mashaba (voorheen nie-uitvoerende voorsitter van Stocks) is as 'n nie-uitvoerende direkteur in die direksie van Stefanutti Stocks aangestel.

Vooruitsigte
Stefanutti Stocks is goed geposisioneer in die infrastruktuur-, mynbou-, petrochemiese en kragontwikkelingsmark en sal voortgaan om te baat by verwagte staats- en semistaatsbesteding aan infrastruktuurprojekte.

Daar word verwag dat openbare en private infrastruktuurwerk sal voortgaan om geleenthede vir groei tot na 2010 op te lewer, met 'n aantal projekte vir kragontwikkeling, padinfrastruktuur, die Departement van Watersake en die Departement van Openbare Werke wat nog uit die staat se verbonde besteding toegeken moet word. Daar word verwag dat die insluiting van Stocks vir die volle ses maande tot Februarie 2009 die resultate vir die jaar sal opstoot. Suider-Afrika en die Golfstreek lewer steeds aantreklike uitbreidingsgeleenthede op.

Die groep sal egter voortgaan om die impak op kliëntbestedingsprogramme te moniteer in die lig van die huidige onsekerheid in wêreld finansiële markte.

Stefanutti Stocks se bestelboek het aan die einde van die tussentydse tydperk op R6,6 miljard gestaan.

Dividendbeleid
In ooreenstemming met groepbeleid wat in die voornoteringsprospektus uiteengesit is, sal 'n jaarlikse dividend by finalisering van die resultate vir die huidige finansiële jaar eindigende 28 Februarie 2009 verklaar word.

Dankbetuiging
Ons bedank al ons personeel vir hulle harde werk en toewyding en verwelkom die nuwe personeel wat hulle ná die verkrygings by die groep aangesluit het. Ons bedank ook ons sakevennote en adviseurs vir hulle voortgesette ondersteuning en ons mededirekteure vir hulle wyse raad.

Namens die direksie

Gino Stefanutti
Uitvoerende Voorsitter

Willie Meyburgh
Uitvoerende Hoof

11 November 2008

united in bridging your expectations

GROEPSTAAT VAN VERANDERINGE IN EKWITEIT

R'000	Uitgereikte kapitaal en premie	Aandeel gebaseerde betalings	Valuta-omskakelings-reserwe	Herwaardasie-surplus	Behoue verdienste	Gewone aandeel-houers-belang	Minderheids-aandeel-houers-belang	Kapitaal en reserwe
Saldo op 1 September 2006 ongeouditeer	126 256	–	–	2 585	67 087	195 928	1 560	197 488
Netto wins vir die tydperk	–	–	–	–	2 618	2 618	782	3 400
Premie met uitgifte van voorkeuraandele	60 000	–	–	–	–	60 000	–	60 000
Terugkoop van aandele	(8 311)	–	–	–	–	(8 311)	–	(8 311)
Herwaardasie van grond en geboue	–	–	–	986	–	986	103	1 089
Omskakeling van buitelandse filiaal	–	–	(78)	–	–	(78)	(235)	(313)
Dividende betaal	–	–	–	–	(37 670)	(37 670)	–	(37 670)
Saldo op 1 Maart 2007 geouditeer	177 945	–	(78)	3 571	32 035	213 473	2 210	215 683
Premie met uitgifte van gewone aandele	349 937	–	–	–	–	349 937	–	349 937
Min noteringskoste afgeskryf teen aandelepremierekening	(9 000)	–	–	–	–	(9 000)	–	(9 000)
Min kapitaaluitkering uit aandelepremierekening	(30 000)	–	–	–	–	(30 000)	–	(30 000)
Uitwerking van konsolidasie van die S&B-aandele-aansporingstrust	(61 850)	–	–	–	–	(61 850)	–	(61 850)
Werknemersaandeleopsies	–	2 054	–	–	–	2 054	–	2 054
Netto wins vir die tydperk	–	–	–	–	55 311	55 311	1 972	57 283
Dividende betaal	–	–	–	–	(15 000)	(15 000)	–	(15 000)
Saldo op 1 September 2007 nagegaan	427 032	2 054	(78)	3 571	72 346	504 925	4 182	509 107
Premie met uitgifte van gewone aandele	63	–	–	–	–	63	–	63
Min noteringskoste afgeskryf teen aandelepremierekening	(2 730)	–	–	–	–	(2 730)	–	(2 730)
Werknemersaandeleopsies	–	8 851	–	–	–	8 851	–	8 851
Netto wins vir die tydperk	–	–	–	–	79 608	79 608	7 527	87 135
Omskakeling van buitelandse filiaal	–	–	(35)	–	–	(35)	(40)	(75)
Minderheidsbelang verkry	–	–	–	–	–	–	13 422	13 422
Saldo op 29 Februarie 2008 geouditeer	**424 365**	**10 905**	**(113)**	**3 571**	**151 954**	**590 682**	**25 091**	**615 773**
Premie met uitgifte van gewone aandele	**675 323**	**–**	**–**	**–**	**–**	**675 323**	**–**	**675 323**
Werknemersaandeleopsies	**–**	**10 217**	**–**	**–**	**–**	**10 217**	**–**	**10 217**
Netto wins vir die tydperk	**–**	**–**	**–**	**–**	**131 043**	**131 043**	**11 619**	**142 662**
Dividende betaal	**–**	**–**	**–**	**–**	**(1 487)**	**(1 487)**	**–**	**(1 487)**
Omskakeling van buitelandse filiaal	**–**	**–**	**1 702**	**–**	**–**	**1 702**	**–**	**1 702**
Minderheidsbelang verkry	**–**	**–**	**–**	**–**	**(2 468)**	**(2 468)**	**(3 529)**	**(5 997)**
Toewysing van minderheidsbelang van ontasbare bates	**–**	**–**	**–**	**–**	**–**	**–**	**2 992**	**2 992**
Saldo op 31 Augustus 2008 nagegaan	**1 099 688**	**21 122**	**1 589**	**3 571**	**279 042**	**1 405 012**	**36 173**	**1 441 185**

Direkteure: B Stefanutti *(Uitvoerende Voorsitter)*; W Meyburgh *(Uitvoerende Hoof)*;
D Quinn† *(Finansiële Direkteur)*; S Pell; N Canca*; K Eborall*; H Mashaba*; M Mkwanazi *;
B Sithole *, J Fizelle *† (plaasvervanger vir B Sithole) **Nie-uitvoerende direkteur †Iers*

Geregistreerde kantoor: Protec Park, h/v Zuurfontein- en Oranjerivierrylaan, Kempton Park, 1619.
(Posbus 12394, Aston Manor, 1630)

Ouditeure: Mazars Moores Rowland, St Davids Place 5, Parktown, 2193
(Posbus 6697, Johannesburg, 2000)

Korporatiewe adviseur en borg: Bridge Capital Advisors (Edms) Beperk
2de Verdieping, Frickerweg 27, Illovo Boulevard, Illovo, 2196
(Posbus 651010, Benmore, 2010)

Oordragsekretarisse: Computershare Investor Services (Edms) Beperk
Marshallstraat 70, Johannesburg, 2001
(Posbus 61051, Marshalltown, 2107)

Maatskappysekretaris: A Cocciante, Protec Park,
h/v Zuurfontein- en Oranjerivierrylaan, Kempton Park, 1619
(Posbus 12394, Aston Manor, 1630)

motiv

www.stefanuttistocks.com